



## **ABULON HOLDINGS Bpk**

Reg Nr 1997/019771/06

(Canal Edge One, Tyger Waterfront, Tygervallei, 7536) Tel: 021 439 5361 Faks: 021 439 5473  
Posbus 6207, Roggebaai, 8012 www.abulon.net

---

**24-04-2009**

### **Agtergrond Inligting vir Abulon Holdings se Spesiale Vergadering beplan vir 26**

#### **Mei 2009**

Hierdie verslag verskaf agtergrond inligting vir aandeelhouers aangaande die huidige stand van die maatskappy en meer spesifiek die implikasies van die nuwe permit voorwaardes soos gestipuleer deur Mariene en Kusbestuur ((M&CM), die beherende liggaam vir ons industrie van regeringskant), rakende die fungus wat ontdek is op ons plaas in Paternoster en die gevolglike gedwonge ontvolking van die plaas.

Soos genoem in die Kennisgewing aan Aandeelhouers gedateer 12-11-2007, en verder gerapporteer in die Omsigtigheidskennisgewing gedateer 15-05-2008 wat ook bespreek is tydens die Jaarvergadering van 2008, is 'n fungus ontdek op die plaas en alhoewel baie gedoen is deur vakkundiges om die presiese aard van die fungus te isoleer en te identifiseer, is die situasie nog nie opgelos nie. Ons is egter van mening en het getoon dat deur alternatiewe boerdery tegnieke die fungus beheer en verminder kan word om minimale indien enige impak te hê.

Die werklike probleem is egter dat in die afwesigheid van 'n volledige begrip van die aard van die fungus, het M&CM as 'n voorkomende maatreël 'n baie streng reeks voorwaardes op ons permit geïmplimenteer. In essensie verwag hulle dat all plase wat tekens toon dat die fungus op hul plaas voorkom hul totale voorraad moet verkoop of wegdoen daarmee, en dat die totale plaas se infrastruktuur gedisinfecteer en braak gelê moet word vir 'n tydperk van 6 weke. Bykomend hiertoe oorweeg die vakkundiges steeds of dit in die medium termyn raadsaam is om op die grond te boer selfs na die ontvolking aangesien die fungus baie gehard is. Hierdie stand van sake het natuurlik ernstige implikasies vir die uitvoerbaarheid van die besigheid in die kort termyn, en gevolglik die toekomstige lewensvatbaarheid van die maatskappy.

In Januarie 2008 het ons regsverteenvoerders met die Minister gekommunikeer en die Regering se ekstreme houding in dié verband uitgedaag. Sedertdien het ons steeds met die vakkundiges in verbinding gebly en ook met M&CM maar was tot dusver onsuksesvol om M&CM te oorrede dat hierdie nie 'n groot bedreiging vir die industrie of die toestand van wilde perlemoen inhou nie. Tydens die laaste vergadering wat gehou is in Desember 2008, het M&CM gekies om die bewyse wat ons na vore gebring het dat die verandering van 'n tenk-boerdery hersirkulasie sisteem na 'n deurvloei sisteem die teenwoordigheid van die fungus substansieel verminder en dat negatiewe impak onder beheer gebring is, te ignoreer. Ons versoek vir 'n nuwe Risiko Analise om uitgevoer te word deur 'n onafhanklike liggaam is afgekeur en hulle het daaropvolgend 'n nuwe permit uitgereik met die voorwaardes dat ons plaas ten volle ontvolk moet wees teen 30 April 2009. Die vakkundiges het ons meegedeel dat geen finale wetenskaplike gevolgtrekkings beskikbaar sal wees vir maande of selfs jare nie.

Aangesien ons intervensies met M&CM tot dusver nie enige positiewe bydraes vir die plaas tot gevolg gehad het nie, was ons geforseer om met die ontvolkingsprogram voort te gaan. Ons het ons beste pogings aangewend om die opbrengste vir die maatskappy te maksimeer deur

die langste uitgroei tydperk toe te laat vir die perlemoen op die plaas terwyl ons terselfdertyd ontvolk het. Hierdie het noemenswaardig hoër fondse vir die maatskappy ingebring. Die ontvolkingsprogram sal voltooi wees (volgens die nuwe permit voorwaardes) teen die einde van April 2009. Ons het projekteer dat die inkomste uit verkope van geblikte voorraad perlemoen na raming ongeveer R3 miljoen vir die besigheid sal beteken. Hierdie inkomste is 'n gevolg van die oes van al die perlemoen voorraad op die plaas. Die besigheid sal oor substansiële kontantreserwes beskik maar die plaas, waarvan alle diere geoes is, sal ongelukkig geen verdere inkomste potensiaal hê tot en met die aankoop en grootmaak van nuwe kweklinge nie.

Die uitdaging wat Abulon se bestuur in die gesig staar is watter rigting om in te slaan in die beste belang van die maatskappy en aandeelhouers.

Nadat professionele advies ingewin is en risikos en doenbaarheid in berekening gebring is, glo ons dat daar 3 moontlike opsies is en benodig ons insette van die aandeelhouers om ons by te staan ten einde te kies watter strategie om te volg:

1. Herbevolk die huidige plaas ná die ontvolking, ontsmetting en 6 weke braak periode.
2. Voer die ontwikkeling van 'n nuwe plaas verder, op grond geallokeer vir 'n samewerkingsooreenkoms met Paternoster Visserye.
3. Begin met 'n vrywillige ontbinding en vereffen uitstaande skulde. Betaal aan aandeelhouers; die reserwes na opgeloopte netto handeldrywing van die besigheid, fondse uit die verkoop van vaste en bedryfsbates in die Maatskappye en opbrengste uit die verkoop van die huidige verlies in die Maatskappy.

### **Opsie 1: Herbevoorraad die huidige plaas.**

In terme van ons nuwe permit voorwaardes, mag ons die plaas weer bevoorraad en voortgaan met boer op die huidige plaas, maar op ons eie risiko en onderhewig aan 'n 2 jaar kwarantyn periode waartydens ons onderwerp sal word aan GEREELDE INSPEKSIES en NIE toegelaat sal word om enige diere LEWENDIG te verkoop nie. Die kontant reserwes kan gebruik word om die plaas te bevoorraad maar die tekort om die meegaande operasionele kostes gedurende die eerste vier jaar van uitgroei te dek sal moet befonds word uit die inbring van addisionele bedryfskapitaal deur aandeelhouers, 'n belegger of eksterne lenings.

Verder verval ons huur vir die huidige standplaas teen 2013 en die verhuurder is nie ywerig om die kontrak daarna te verleng nie. Daarom is die huurperiode te kort om die vereiste groei van die diere te akkomodeer ten einde ons belegging te verhaal.

Daarby is die potensiele risiko dat die fungus weer kan voorkom selfs op slegs 1 of 2 diere, 'n faktor wat oorweeg moet word wanneer 'n besluit geneem word.

### **Opsie 2: Begin 'n nuwe plaas**

Om 'n nuwe plaas te begin vereis 3 belangrike komponente; grond, kapitaal en spesialis kennis. 'n Samewerkingsooreenkoms tussen 'n grondeienaar, gepaste belegger en Abulon Holdings kan al die nodige komponente bymekaarbring om 'n winsgewende plaas te skep.

Die beraamde koste om 'n volgroeide 50ton plaas tot stand te bring is tussen R20 en R25 miljoen (uitgesluit die koste van grond) en sal normaalweg ongeveer 4 jaar neem vanaf die bevoorrading van die eerste tenks.

Ons het 'n vennoot geïdentifiseer wat grond sal bewillig maar die lewensvatbaarheid daarvan moet steeds aan 'n Omgewingsimpakstudie onderwerp word en daarna aan die nodige goedkeurings. Hierdie proses kan tot 2 jaar neem om te voltooi. As ons aanneem dat hierdie proses suksesvol sal wees en ons word toegelaat om die grond te gebruik vir 'n nuwe plaas, moet ons genoegsame befondsing verkry om die boerdery se infrastruktuur te ontwikkel en bedryfskapitaal behoeftes aan te spreek.

Om befondsing te verkry is moeilik en ons was tot op datum onsuksesvol in ons pogings om 'n belegger se betrokkenheid te verseker.

Die groot kwessies om te oorweeg in hierdie geval is:

- a) die onkoste aangegaan gedurende die tydperk voordat die nuwe plaas tot volle wasdom ontwikkel is;
- b) die risiko dat die aansoek om die grond te gebruik vir mariene akwakultuur nie suksesvol sal wees nie; en
- c) die risiko dat geskikte befondsing nie verkry sal word nie.

Hierdie risikos moet opgeweg word teen die potensiele opbrengste wat sal voortvloei uit aandeelhouding in 'n samewerkingsooreenkoms.

### **Opsie 3: Vrywillige 'Ontbinding' van die Maatskappy**

Begin met 'n vrywillige 'ontbinding' van die Maatskappy en doen 'n distribusie aan die aandeelhouders: van die netto realiseerbare bates nadat vir belasting (indien enige) voorsiening gemaak is, ontbindings koste en voortspruitende verpligtinge.

Gegewe dat die maatskappy nie noemenswaardige krediteure of laste het behalwe die inter-maatskappy lenings wat geïgnoreer kan word, sal ons in staat wees daartoe om 'n vrywillige 'ontbinding' te begin gevolg deur 'n deregistrasie van die maatskappy.

Terwyl ons voortgaan om elke moontlike geleentheid op te volg, is aan al die moontlike uitweë oorweging geskenk, en is dit die eenparige opinie van die direksie, op hierdie tydstip, dat ons Opsie 3 moet volg en die Maatskappy vrywillig moet 'ontbind'.



**Mark Dale**  
Voorsitter